

6 November

**Skrifgedeelte: Josua 2:1-24; Romeine 10:13-15, 20 (OAV)
Fokusgedeelte: Josua 2:9-11**

Getuig, sodat selfs die slegste mens tot bekering kan kom!

Josua-hulle begin om hulle opdrag uit te voer. Spioene word uitgestuur. In die eerste stad, Jerigo, gaan hulle in die gastehuis van Ragab tuis. Ragab was 'n vrou wat 'n ontsettende sondige lewe gelei het – sy het voortdurend egbreuk gepleeg.

Terwyl die spioene in die gastehuis tuisgaan, besef die inwoners van Jerigo dat die langverwagte inval deur die Israeliete voor die deur is. Elkeen sal 'n keuse moet maak: Gaan ons saam met die God van Israel, of gaan ons Hom bestry? Almal het al gehoor van die groot daad van God. (Lees weer Josua 2:9-11.)

Daar is twee reaksies: Die mense van Jerigo reageer met *angs*, maar Ragab, die sondaarvrou, reageer met *geloof*. Volgens Romeine 10:14 kan mens net tot geloof kom as jy van die Here gehoor het. Josua 2:10 vertel dat Ragab deur die Here se genade gehoor het van die Here se wonderdade en toe tot geloof gekom het. Daarom het sy haar aan die kant van die spioene geskaar. Sy het gehoor, geglo en gedoen.

Ragab, die groot sondaar, se bekering het die Israeliete daarvan oortuig dat God werklik vir hulle die oorwinning sal gee (Jos. 2:24). Daar was dus 'n wisselwerking: Die hoor van God se wonderdade het gelei tot bekering en die bekering het tot geloofsgroei by kleingelowiges gelei.

Romeine 10:14 vra: “En hoe kan hulle hoor sonder een wat preek?” Het jy al vandag vir iemand van die Here se wonderdade vertel? Watter daad is hier ter sprake? Romeine 10:15 leer: “Die evangelie van vrede.” Weens ons sonde is daar onvrede tussen God en mens. Ons Here Jesus word gestuur om dié wat verlore is, deur die geloof te red.

Gaan vertel dus aan almal: Ek glo aan die vergifnis van sondes!

Sing: Skrifberyming 27:1, 5

Ds. AH Stavast (Kroonstad)